DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

Insig 22/2025 - 15 Augustus 2025

Boodskap van die hoof

Ons wens graag al ons nuwe leiers (Matriekraad en Parkieraad) geluk en sterkte toe vir die nuwe ampstermyn. Mag julle dit baie geniet en groei beleef!

Die naweek wat voorlê, dui op verskeie hoogtepunte:

Die revue wat Saterdagaand ten einde loop: Baie dankie vir elke leerder se harde werk en geluk met 'n puik produksie!

Die tennisleerders is in Cradock: Sterkte daar in die Oos-Kaap.

Ons landloop (seuns en dogters) het vir die Noordvaal-finaal gekwalifiseer - baie geluk!

Ons o. 15-hokkiedogters neem deel aan die Noordvaal-toernooi in Springs: Geniet elke oomblik!

Die bergfietsryers gaan by die Eye of Africa deelneem - sterkte!

Saam met al hierdie items op ons buitekurrikulêre spyskaart, het ons toetsreeks ook hierdie week afgeskop. Ons sê veral sterkte aan ons matrieks wat binnekort met die voorbereidende eksamen begin.

Teksvers vir 2025

Jesaja 43: 18 & 19

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

Teksvers vir die kwartaal

Psalm 127

1. 'n Pelgrimslied. Van Salomo.
As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs.
2. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. 5. Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.

MENLO-KOMMUNIKASIE

DATUMS

25 Aug.	Voorbereidende eksamen begin: graad 12
30 Aug.	**Menlofees**
3 Okt.	Matriekafskeid Skool sluit

ALGEMEEN

Parkie-proppieprojek
Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

Menlo ma's wat bid
Ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968.

Menlo pa's wat bid
Ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis.
Kontak: 082 457 6526 of 071 159 779.

Ed-admin (Menlo-kode: 599649)
Die skool herinner u graag om gereeld op u kind se profielfoto te klik vir die volgende: *Assessment feed & Learning and behaviour*.

Fotobestellings

- Volg die rooi QR-kode vir fotobestellings: Januarie-fotosessie.
- Volg die blou QR-kode vir fotobestellings: Leerders wat afwesig was tydens die Januarie-fotosessie en leerders wat SA kleure verwerf het.
- Navrae: karen@miraclesphotos.co.za

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die skool spog in 1963 met die heel eerste prefekte. Die seuns het nog nie skooldasse gehad nie en kon enige donkerblou das dra.

Afrikaans: 100 jaar

Epos vs. E-pos

Epos: 'n Lang, verhalende heldegedig.

E-pos: 'n Elektroniese boodskap wat met behulp van die internet gestuur word.

AKADEMIE

KWARTAAL 2: TOP-20-LEERDERS

Die drukkersduiwel het verlede week 'n naam op die graad 10's se top-20 ingesluk. Die Insig stel die saak graag reg.

GRAAD 10

20. Selie de Villiers, 19. Conrad Ehlers, 18. Alexi Olivier, 17. Clarabelle Haasbroek, 16. Rosalie Louw, 15. Luané Erasmus, 14. Annika Bohmer, 13. Stehan Serfontein, 12. Simoné Spies, 11. Ockert Blom, 10. Nicole Enslin, 9. Kendra van Dijk, 8. Ethan Steenkamp, 7. Markus de Jager, 6. Daniel Slabbert, 5. Talia Jonker, 4. Milan Visser, 3. Gisele Gelden-huys, 2. Liané de Wet, 1. Adri de Beer (96.27%).

GASVRYHEIDSTUDIES: GRAAD 12'S DOEN HUL FINALE PAT

DIE UITDAGING

Berei 'n maaltyd met buitengewoon energieryke bestanddele voor waarin vyf vaardighede bemeester word.

DIE PLAN VAN AKSIE

Hors d'oeuvre
Roquefort-okkerneutquiche met geroosterde pere.

Voorgereg
Blaarslaairoomsop met misobotterbroodrolletjies

Hoofgereg
Gebardeerde filet mignon met 'n spinasievulsel, sampioensous, aartappelkrokette en filosilinder met groente.

Nagereg
Aarbeicoulis, matcha-quinoa-koekies, matcharoomys en framboostruffles gedoop in donkersjokolade.

DIE RESULTAAT

Uiters tevrede gaste en verteenwoordigers van die Onderwysdepartement.

Knap gedaan, Matrieks!

AMFI-HOOGTEPUNTE

INHULDIGING VAN NUWE MATRIEKRAAD

Wanneer die voorbereidende eksamen binnekort vir die matrieks afskop, neem die graad 11's die leisels as die mees senior groep in die skool oor. Die simboliese oorhandiging van gesag het vandeesweek op Menlo-bodem plaasgevind met die ontheffing van die vorige Matriekraad en die inhuldiging van die nuwe Matriekraad.

Hartlik geluk aan die nuutverkose hoofleiers:

Hoofdogter	Mia de Waal
Hoofseun	Erik Senekal
Dagbestuur (dogters)	Leandri Botha, Jade Gruen, Lauren Malan, Livvy Pienaar en Kathleen van Rooyen.
Dagbestuur (seuns)	Liam de Koning, Murray Hofmeyr, Rian Knoesen, Le Roux van Wyk en Luan Visser.

PARKIE-BOYS SING VIR MENLO-DAMES

Die Menlo-seuns het die dogters vandeesweek met 'n behoorlike vrouedagviering bederf.

Volg gerus die **skakel** vir 'n spesiale Menlo-moment.

KULTUUR

MENLO-REVUE NOU OP DIE PLANKE

- Dit is revueweek op Menlo-bodem! Gryp gerus die geleentheid aan om hierdie produksie op eie bodem te sien.
- Kaleidoskoop-kompetisie:

Die revuegroep het tot die finale ronde deurgedring.

Baie geluk!

MENLO-TONELE SKITTER OP ATKV-VERHOOG

Toneelseisoen het aangebreek en die Menlo-tonele vaar puik.

Volg gerus die **skakel** vir 'n volledige opsomming van die uitslae.

KULTUUR

UITSLAE: CON SPIRITO-DEBAT (EERSTE RONDE)

Hartlik geluk aan die volgende spanne wat verlede week aan die eerste ronde van Con Spirito se debatkompetisie deelgeneem het en sake weer in die semifinale ronde sal uitspook.

Juniors: Nelri van der Westhuizen & Theané Maré, Clara Blignaut & Li-ané Haasbroek, Daniël de Waal & Liam Senekal, Wehann Snyman & Lana Swanepoel, Mieke van den Berg & Mia Botha, Lienka Botha & Carli Serfontein, Lua Pretorius en Kiana Pretorius, Lara Moolman & Clarisé van Niekerk, Zani Dicks & Zea de Villiers.

Seniors: Milan Visser & Liané de Wet, Stehan Serfontein & Erich Pieterse, Ruben Janse van Rensburg & Tristan Engelbrecht, Luané Erasmus & Kayden Venter, Nina Dicks en Clara Serfontein.

SPORT

HOKKIE: DITSEM, MENLO!

UITSLAE

O. 14	Dogters	Rising Cup	9de	O. 16	Dogters	Top-12	6de
O. 16	Seuns	Top-12	12de	O. 18	Dogters	Top-12	9de
O. 18	Seuns	Guschkie Cup	4de				

MUURBAL

UITSLAE: SA TOPSKOLEMUURBALREEKS (PIETERMARITZBURG; 7—10 Augustus)

Menlo se muurbalmanne het die geleentheid — om vir die eerste keer sedert 2020 aan hierdie spogtoernooi deel te neem — met albei hande aangegryp. Hulle het die een skool na die ander uitgestof om eindelik in die vyfde posisie te eindig.

Die span: JD Smuts, Riaan Agenbacht, Joseph Myers, Dewald de Graaf, Conrad Ehlers, Sebastian Swart en Prieur du Plessis.

Hartlik geluk met puik spel en ‘n merkwaardige prestasie!

SPORT

RUGBY: BLOU BEWEGING IN AKSIE

UITSLAE: MENLO VS. NOORDHEUWEL

Volg gerus die **skakel** vir die skool se volledige rugby-uitslae.

GHOLF

MENLO SPOG MET NASIONALE SPELER

Schalk van Ettinger	SA span	O. 16

SPORT

TENNIS

O. 15-PRETORIASKOLETOERNOOI

Deelnemende skole

Afrikaanse Hoër Seunskool, Hoërskool Garsfontein, Hoërskool Waterkloof, Die Hoërskool Menlopark, Paul Roos Gimnasium, Grey Kollege, Kearsney College, St Benedict's & Potchefstroom Gimnasium.

Menlo-span

Ruben Lourens, Dorian de Jong, Andrio Eksteen, Kristian Swanepoel, Chris Muller, Erich Esterhuyse & Reuben Spies.

Hartlik geluk aan die span wat skitterende spel opgedis het.



PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

Lisha Roos	Jazz: Nasionale danskampioenskap (SABOD)
Prestasie	Lisha se jazzgroep wen hulle kategorie en word in die nasionale span opgeneem.

Welgedaan!

INSIGPRENEURS

Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.

MARKPLEIN

Blissful Treats
A Little bliss in every treat...
FLAVORS
Lemon Poppy
Vanilla Caramel
Red velvet
Choc Mint
Carrot
Oreo
FROSTING
Buttercream
Fresh cream
Lunch Box Cakes R100,Cupacakes R300,
Celebration Cakes Range from R850
Contact us on 0626609600
Blissful Treats By Vee
blissful_treats_by_vee

L&G
TASTY TREASURES
FRESH
strawberries
season is here
@ R60
per/kg
Tasty Treasures Group
078 585 4179
Lizette 082 757 2418
Gayle 073 039 2495

rcourts
ital
KOOP OF VERKOOP?
VOORDEEL VIR DIE HOËRSKOOL MENLOPARK EN MENLO
Wil jy 'n eiendom koop of verkoop?
Kontak Linda of Anchen.
Vir elke suksesvolle transaksie word
2.5% van die agentefooi oorbetaal
aan Die Hoërskool Menlopark.
082 556 5544 082 789 3365

Super-Fast 5G/LTE
HOME
INTERNET
Power-up and connect
Uncapped
from
R379 pm
Speeds up to 500Mbps
Perfect for work,
play & streaming
No Contracts
3-Day Delivery
axxess
Internet your way

MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK



NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS

(011) 782 9160
admin@nhsfonds.co.za
noordelikehelpmekaarstudiefonds.org